

27 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Johannes 1:5-7

Fokusgedeelte: 1 Johannes 1:7 (1933/53-vertaling)

Gemeenskap met God beteken om saam in sy lig te wandel

Lig verteenwoordig dit wat goed, rein, waar, heilig en betroubaar is. Die duisternis, daarteenoor, is simbool van sonde en boosheid. Johannes dui aan dat mense wat sê hulle het deel aan God, maar in die duisternis lewe, nie net met hulle woorde lieg nie, maar ook met hulle dade. Die realiteit is: God is lig en God is liefde. Wie aan Hom behoort, lewe in die lig en in die liefde.

Wanneer gelowiges in God se lig wandel, het dit bepaalde resultate. Eerstens veroorsaak dit gemeenskap met mekaar. In vers 6 verklaar Johannes dat iemand wat in die duisternis wandel, nie in gemeenskap met God wandel nie, want sonde dien altyd as 'n struikelblok in ons verhouding met die Here. In vers 7 gaan Johannes een treetjie verder deur te verduidelik dat om in God se lig te wandel, intieme verhoudings met medegelowiges veroorsaak. Ons eenheid in Jesus Christus (vgl. vs 3) veroorsaak dat ons gemeenskap met mekaar beleef.

Die tweede resultaat om in God se lig te wandel, is dat die bloed van Jesus Christus ons van alle sonde reinig. God doen meer as om net ons sonde te vergewe, Hy haal die vlek van ons sonde heeltemal uit. Die feit dat dit in die teenwoordige tyd geskryf staan, dui aan dat dit 'n voortdurende proses is. Om in God se lig te wandel, beteken dat die Heilige Gees ons elke dag vernuwe om aan die beeld van Christus gelyk te word (vgl. 2 Kor. 3:18).

Sing: Psalm 33:1 (1936)

Ds. C (Chris) de Beer (Boksburg-Suid)